

# OLD MUTUAL SUPERFUND

## NUUSBRIEF VIR LEDE

NOVEMBER 2022

## UIT DIE KANTOOR VAN DIE HOOFBEAMPTE



Ek wil u eerstens gelukwens dat u dit deur nog 'n jaar vol uitdagings gemaak het. As Suid-Afrikaners moet ons trots wees op ons taai geaardheid en ons vermoë om ons weg deur veranderings en uitdagings te vind. Old Mutual SuperFund bly daartoe verbind om vir u 'n vennoot te wees terwyl u vir u toekomstige aftrede voorberei.

Dis nooit te vroeg om vir 'n mens se aftrede te begin beplan nie. Ons almal droom van daardie seiljagvaart in die sonsondergang en om ons swaarverdiende spaargeld eendag te geniet. Dis uiters belangrik om seker te maak ons spaar nie net vir ons aftrede nie, maar ook dat ons genoeg spaar. Elke bietjie tel. Ons leefstylkeuses vandag kan 'n invloed hê op hoe ons in die toekoms leef. Het u geweet 'n mens het omtrent R1 miljoen se aftreespaargeld nodig om 'n maandelikse inkomste van R5 000 te verdien wanneer 'n mens op pensioen is? Dit is waarom ons u op hoogte hou van wat in die aftree bedryf aangaan, sodat u ingelig kan bly oor veranderings en ontwikkelings wat u spaargeld kan beïnvloed.

Gepraat van veranderinge: U het waarskynlik al gehoor van die nuwe "tweepot"-stelsel wat die Nasionale Tesourie beplan om op 1 Maart 2024 in werking te laat tree. Old Mutual SuperFund ondersteun hierdie voorstel, aangesien dit op langtermynspaargeld vir aftrede gerig is. Dit is ontwerp om die beskerming van spaargeld aan te moedig en 'n beter aftree-uitkoms te lewer, terwyl dit steeds die behoefte vervul om korttermynnoodgevalle te hanteer. Klik op **Vol. 1** van ons kommunikasie reeks oor die twee potstelsel om meer hieroor te wete te kom. Ons doel is om u te help om beter te beplan sodat u gedurende aftrede u lewenstyl kan handhaaf.

In hierdie nuusbrief behandel ons 'n paar onderwerpe wat u kan help om u aftreebeplanning en -spaargeld volledig af te rond. Ons sien uit na 'n nuwe jaar met hernieude energie en 'n positiewe ingesteldheid.

**Geniet die leeswerk en bly veilig!**
Fiona Reynolds
Hoofbeampte: Old Mutual SuperFund

## HET U GEWEET?

### Verhoging van u bydraes

U kan u bydraes enige tyd verhoog, byvoorbeeld met u jaarlikse verhoging of as u op 'n ander manier ekstra inkomste verdien. Dit sal daartoe bydra dat u aftree spaargeld baie groei en u nader aan u aftree drome bring. U kan met u werkgewer praat oor vrywillige bydraes. Ons aftredesakrekenaar kan u help met 'n skatting van waar u tans met u aftreespaargeld staan. Lees ook hierdie artikel oor hoe om u rand en sent harder te laat werk.

### U lede-voordeelstaat via 'Whatsapp'?

U kan u ledevoordeelstaat via WhatsApp kry deur hierdie maklike stappe te volg. Skandeer die QR-kode hier onder vir toegang. Dit is 'n veilige manier om 24/7 toegang tot u state te verkry, sonder om 'n enkele oproep te maak of vir 'n e-pos te wag. U is altyd op datum met u aftree spaargeld.




### Belangrikheid om u besonderhede te voorsien

Dis uiters belangrik om seker te maak u besonderhede is altyd op datum in al u rekords. Met die jongste inligting op lêer kan ons u help om beter vir u aftrede te beplan. Dit beteken ook ons kan ons kommunikasie op u van toepassing maak, sodat u tersaaklike en betekenisvolle nuus regstreeks ontvang. Ons kan nie genoeg beklemtoon hoe belangrik dit is om u besonderhede te voorsien nie. U kan u besonderhede deur u werkgewer voorsien, of deur ons kliëntedienssentrum te skakel by 0860 20 30 40.

### Genomineerde begunstigdes en die eise-proses vir sterftes

Dis baie belangrik om seker te maak dat u altyd u genomineerde begunstigdes nagaan, veral ná lewensgebeurtenisse soos om te trou, 'n kind se geboorte of selfs aanneming. Deur u genomineerde begunstigdes op datum te hou, help u SuperFund se bestuursraad om die toewysing van u voordele op 'n regverdige en eenvoudiger manier af te handel. Klik op hierdie Nominasievorm vir begunstigdes-vorm om u genomineerde begunstigdes te voorsien. Vir 'n beter begrip van die eisproses vir sterftes, klik asseblief hier vir 'n kort en insiggewende video.




**Ons het 'n nuwe SMS-kennisgewingsdiens wat u op hoogte hou van die status van u kontantonttrekking of aftrede-eis. Ons wil hê u moet ten volle bewus wees van wat aangaan terwyl u wag.**

> "Old Mutual SuperFund speel 'n sleutelrol om lede in staat te stel om hul drome vir die toekoms te verwesenlik deur 'n stabiele anker in onstabiliteit te verleen. Om dit te doen, is rekenskap en volhoubaarheid sleutelpilare van ons beleggingsbenadering."



Lees meer hieroor in die SuperFund openbaarmaking van volhoubaarheid-verslag.

## HULPBRONNE VIR LEDE

Klik asseblief op die onderstaande knoppies om **meer te lees**.



- Help my om 'n begunstigde te nomineer
- Help my om die tweepotselsel te verstaan
- Help my om inflasie te verstaan
- Help my om my sterftevoordeel te verstaan
- Help my om my aftreespaargeld te bereken inflation
- Die aftree-beplanning-speletjie verstaan

**U kan u profiel bekyk en toegang tot ander dienste verkry met behulp van een van ons digitale oplossings**

Veilige dienste | WhatsApp 0860 933 333 | 0860 20 30 40 | superfund@oldmutual.com

Old Mutual toepassing — GET IT ON Google Play | Download on the App Store | EXPLORE IT ON AppGallery



Old Mutual Life Assurance Company (SA) Limited is a licensed FSP and Life Insurer.